Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GRAAD 12

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# BESIGHEIDSTUDIES
# INTERDISTRIK VRAESTEL 1

# 07 OKTOBER 2020

# PUNTE: 150

# TYD: 2 UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.
   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word. Let wel dat slegs die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **30** |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **30** |
| | **3** | **40** | **30** |
| | **4** | **40** | **30** |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die ... maak voorsiening vir die vestiging van die KVBA en kollektiewe bedinging
- A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
- B Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
- C Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
- D Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)

1.1.2 Dit was maklik vir Mama se Mini Market om 'n handelslisensie te bekom. Dit verwys na die ... as 'n element van Porters se vyf kragte.
- A krag van kopers
- B krag van verskaffers
- C bedreigings / hindernisse vir nuwe toetreders tot die mark
- D bedreiging van vervanging / plaasvervangers

1.1.3 Funky Modes spesialiseer in die vervaardiging van tienerklere. Dit werk in die ... sektor.
- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D publieke

1.1.4 Een van die redes vir die beëindiging van ‘n indiensnemingskontrak is …
- A lidmaatskap
- B diskriminasie
- C senioriteit
- D aftrede

1.1.5 Om meer inligting oor die sterk en swakpunte van elke kandidaat te verkry word ‘n … uitgevoer
- A Onderhoud
- B Kortlysting
- C Interne werwing
- D Eksterne werwing

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDE-BOEK neer.

| |
|---|
| terugwaartse; Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtingingswet; ontbondeling (disinvestering); Wet op Gelyke Indiensneming; voorwaartse; likwidasie; Plasing; Werwing; Stukwerk |

1.2.1 Hierdie wet reguleer die implementering van regstellende aksie by ondernemings wanneer nuwe aanstellings gemaak word.

1.2.2 Edcon Bpk het sommige van hul bates verkoop om hul kontantvloei te verbeter. Hierdie besigheidstrategie staan bekend as ...

1.2.3 Dairy Mart (Edms) Bpk het die ... -integrasiestrategie gekies toe hulle Daisy Melkerye Plaas oorgeneem het.

1.2.4 ‘n Spefisieke werk word aan die gekose kandidaat toegeken.

1.2.5 Werkers word betaal volgens die aantal items wat hul produseer

(5 x 2) (10)

1.3. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Gehalte prestasie | A Ondernemings het ten doel om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel. |
| 1.3.2 Keuringsprosedure | B Totale prestasie van elke departement gemeet aan die gespesifiseerde standaarde. |
| 1.3.3 Markontwikkeling | C Dwing ondernemings om meer inligting oor hul produkte en prosesse bekend te maak. |
| 1.3.4 Nasionale Kredietwet | D Die evaluering van CVs en die skep van ‘n kortlys. |
| 1.3.5 Indiensnemingskontrak | E ‘n Sisteem wat verseker dat die vereiste gehalte bereik word deur die finale produk te inspekteer. |
| | F Ooreenkoms tussen die werkgewer en werknemer en is wetlik bindend. |
| | G Beskerm besighede teen nie-betalende verbruikers. |
| | H Die prosedure waar nuwe werknemers op hul gemak gestel word. |
| | I Die kontrak word opgestel tussen die huurder en verhuurder van ‘n besigheid. |
| | J Waar besighede hul bestaande produkte op nuwe markte wil verkoop. |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige DRIE pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (3)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TROPIESE VERVAARDIGERS (TV)**

Tropiese Vervaardigers het het meer as 50 werknemers wat vir die vervaardiging van hulle sap verantwoordelik is. Daar word van alle werkers verwag om hoë gehalte produkte te lewer, alhoewel slegs jong werknemers die geleentheid kry om nuwe vaardighede aan te leer. Vroulike werkers word van opleiding uitgesluit.

2.2.1 Noem die Wet wat vir werknemers voorsiening maak om hul werksverrigting te verbeter. (1)

2.2.2 Haal handelinge in die scenario hierbo aan wat deur hierdie spesifieke Wet as diskriminerend beskou kan word. (2)

2.2.3 Motiveer die positiewe impak van hierdie Wet op Tropiese Vervaardigers. (6)

2.3 Identifiseer die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD), 1997 (Wet 75 van 1997) waaraan Varsbrood Bakkerye in ELK van die volgende stellings hieronder voldoen:

2.3.1 Daar word van werknemers vereis om voldoende kennis te gee voordat hulle hulle dienskontrakte kan beëindig.

2.3.2 Varsbrood Bakkerye dwing nie hulle werknemers om meer as drie uur per dag ekstra te werk nie.

2.3.3 Werknemers word aangeraai om 'n mediese sertifikaat te verskaf indien hulle vir meer as twee opeenvolgende dae van werk afwesig is.

2.3.4 Varsbrood Bakkerye laat nie werknemers jonger as 18 toe om gevaarlike pligte uit te voer nie. (4 x 2) (8)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TURBO MOTORS (TM)**

Turbo Motors spesialiseer in die omskakeling van gewone motors in supersnelle motors. TM het baie kliënte as gevolg van hul uitstekende diens. Dit was maklik om die onderneming met 'n klein hoeveelheid kapitaal te begin. Die besigheid het nie 'n goeie kontantopname-stelsel nie. TM het 'n nuwe tak in Bellville geopen. Handelsbanke het die rentekoers verhoog, wat dit vir TM moeilik gemaak het om 'n lening teen 'n gunstige koers te kry.

Kopiereg voorbehou 

2.4.1 Stel 'n SSGB ('SWOT')-analise saam vir Turbo Motors wat op die scenario gegrond is. (4)

2.5 Identifiseer die verbruikersreg wat op ELK van die volgende beleidsbepalings van Zara Handelaars van toepassing is:

2.5.1 Klante sal vir foutiewe produkte terugbetaal word.
2.5.2 Klante het die keuse om onwelkome direkte bemarking te stop.
2.5.3 Zara Handelaars sal nie vals verklarings oor hul produkte publiseer nie.
2.5.4 Zara Handelaars sal kredietbewyse en voorafbetaalde dienste eerbiedig. (4 x 2) (8)

2.6 Beveel maniere aan waarop die besigheid aan die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) kan voldoen. (8)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem VIER soorte byvoordele. (4)

3.2 Donovan is verantwoordelik vir die werwing, keuring, plasing en induksie van nuwewerknemers by D&F Bpk.

3.2.1 Verduidelik die betekenis van induksie. (2)
3.2.2 Bespreek die voordele van induksie. (6)

3.3 Onderskei tussen posbeskrywing en posspesifikasie. (8)

3.4 Brei uit oor die verband (skakeling) tussen salarisbepaling en WBD. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**AFRICAN KOFFIES (AK)**

African Koffies (AK) spesialiseer in die verkoop van spesiale koffie. Die verkope het onlangs gedaal. Die bestuur is bekommerd oor die gehalte van sekere besigheidsfunksies:

A. Die koop van swak gehalte koffiebone, sodat die koste van die koffie laag gehou kan word
B. Geen gehaltebeheer word toegepas tydens die vervaardiging van koffie nie.

3.5.1 Identifiseer die besigheidsfunksie wat in A en B hierbo voorgestel word. (4)
3.5.2 Verduidelik hoe die kwaliteit van prestasie kan bydra tot die sukses of mislukking van die menslike hulpbronfunksie van AK. (2)
3.5.3 Verduidelik waarom AK gehaltesirkels kan aanwend as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

3.6 Beveel maniere aan waarop TGB 'n impak op die vermindering van die koste van gehalte kan hê. (4)

**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige TWEE tipes diversifikasie strategieë. (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LOCUMS INGELYF (LI)**

'n Werknemer van Locums Ingelyf het 'n besering opgedoen terwyl sy aan diens was. Die maatskappy se bestuur weier om die eis by die Vergoedingsfonds in te dien omdat hulle nie die werknemer by die kommissaris van die Vergoedingsfonds geregistreer het nie.

4.2.1 Identifiseer die Wet wat werknemers in staat stel om vir werkplek-beserings te eis. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

4.2.2 Bespreek die strafmaatreëls wat teen Locums Ingelyf ingestel kan word omdat hulle nie voldoen het aan die Wet wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is nie. (6)

4.3 Identifiseer die besigheidsomgewing wat deur ELK van die volgende stellings voorgestel word en dui aan die mate van beheer wat die onderneming oor elke omgewing het.

4.3.1 Die leierskap by die Melkboerdery het nie voldoende bestuursvaardighede nie
4.3.2 Die verskaffer kon weens 'n tekort nie aan Parmalat-vervaardigers lewer nie.
4.3.3 Die kantoorgebou van City Lodge is deur ernstige oorstromings vernietig.

Gebruik die onderstaande tabel as 'n riglyn om VRAAG 4.3 te beantwoord

| BESIGHEIDSOMGEWINGS | MATE VAN BEHEER |
|---|---|
| 4.3.1 | |
| 4.3.2 | |
| 4.3.3 | |

(9)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.4 Noem die wetlike aspekte van die indiensnemingskontrak. (4)

4.5 Beskryf in breë trekke die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (6)

4.6 Gee raad aan besighede oor die belangrikheid van die openbare betrekkinge funksie. (6)

4.7 Onderskei tussen gehaltebeheer en gehalteversekering. (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan.
Die antwoord op DIE GEKOSE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv.
VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

**KHANYISA HANDELAARS (KH)**

Khanyisa Handelaars (KH) spesialiseer in die verhandeling van eksklusiewe damesklere. Die verkope het afgeneem weens die landwye inperking (lockdown). Die bestuur van KH het besluit om die PESTWO-model toe te pas en besigheid-strategieë te implementeer ten einde hul besigheidsuitdagings die hoof te bied.

Skryf 'n gedetailleerde verslag oor die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke TWEE aspekte wat gedurende die aanvanklike fases van die strategiese bestuursproses in ag geneem moet word.
- Pas die PESTWO ('PESTLE')-model toe deur moontlike uitdagings in die makro-omgewing wat Khanyisa Handelaars kan identifiseer en bespreek.
- Beveel strategieë aan wat KH kan implementeer om op die geïdentifiseerde uitdagings te reageer.
- Verduidelik aan KH die stappe wat in gedagte gehou moet word wanneer strategieë geëvalueer word. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

**WESTELIKE GERIEF BPK. (WG)**

WG is 'n plaaslike toeristebestemming met kampeer- en akkommodasiegeriewe. Hulle het ook begin met die verkoop van kooktoerusting aanlyn, sedert die begin van die nasionale COVID 19-grendeltydperk. Onlangs het WG klagtes van klante ontvang oor hul swak diens. Die bestuur het besef dat die gehalte in alle departemente hersien en verbeter moet word om finansieel te kan oorleef.

Skryf 'n verslag waarin jy aandag aan die volgende gee:

- Definieer gehalte bestuur
- Verduidelik die implikasies van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling op die Menslike Hulpbronfunksie
- Bespreek die impak van die volgende elemente van TGB op groot ondernemings:
  - Monitering en evaluering van gehalteprosesse
  - Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels
- Stel maniere voor hoe die finansiële funksie en die bemarkingsfunksie kan bydra tot die sukses van die onderneming. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL 150**

Kopiereg voorbehou